

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 40: Balak (בלק) – Balak

Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra'el aan die Emoriete gedoen het.
Num. 22:2 – PWL¹

Torah : Numeri 22:2 tot 25:9

Haftorah: Miga 5:6 tot 6:8

Nuwe Verbond: Matt. 24:11, 24; 2 Pet. 2:1 tot 22; Judas 11; Open. 2:14 en 15.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 40 wat afgelaai kan word by: [Parashah40Notas.14](#) of by [Parashah40Notas15](#).

Cowards never won heaven. Do not claim that you are begotten of God and have His royal blood running in your veins unless you can prove your lineage by this heroic spirit: to dare to be holy in spite of men and devils – William Gurnall.

One compromise here, and another there, and soon enough the so called believer and the man on the street look the same! – Anonymous.

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth – Randy Alcorn.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

Almal Is Profete!

Die eerste keer waar ons in die Skrifte lees van 'n profeet is in Gen. 20:7 toe YHVH vir Abiméleg, die koning van Gerar, gesê het om Abraham se vrou, Sarah, aan hom terug te gee.

Gee nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet en hy sal vir jou bid sodat jy kan lewe, maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy die dood sal sterf, jy en alles wat aan jou behoort.

Ons geestelik voorvader Abraham was dus ook 'n profeet! Het jy al ooit so daaraan gedink? Is ons as die nageslag van Abraham op grond van ons vertroue in Yeshua as die Messias (Gal. 3:7 en 29) dan nie ook profete nie?

Die antwoord vind ons in die definisie van 'n profeet? Die Hebreeus vir profeet, soos dit ten opsigte van Abraham gebruik word, is *nabi* (נביא) en volgens Easton's Bible Dictionary is dit afkomstig van die grondwoord *naba* wat beteken *om te borrel soos 'n fontein*. 'n Profeet is dus soos 'n fontein wat borrelend is en die woorde van YHVH voortbring!

Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei'. Joh. 7:38

maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe. Joh. 4:14

Yeshua is die Lewende Water – die Fontein van Lewe – waarvan ons moet drink en ook vir ander moet gee om van te drink!

Elkeen wat dus 'n verkondiger is van die Woord (boodskap) van YHVH is 'n profeet! Elkeen wat die goeie nuus van Yeshua as Messias verkondig, is 'n profeet. Dit is om ander deur woord en daad te lei tot die bron van Lewende Water. Ons behoort soos 'n borrelende fontein te wees.

My binneste borrel oor van goeie nuus en ek vertel my dade aan die koning; my tong is die pen van 'n vaardige skrywer. Ps. 45:2.

Terwyl dit waar is dat ons almal profete is, is ons egter nie almal aangestel in die amp van profeet nie! Dit is alleen YHVH wat 'n persoon kies en aanstel in die amp van profeet. Soos YHVH Sy profete van die ou verbond gekies en in die amp aangestel het, so doen YHVH dit steeds in die nuwe verbond.

en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een. Efes. 4:11 tot 13.

Om profeet van die nuwe verbond te wees is een van die ampte van die vyfvoud bediening en een van die gawes van die Afgesonderde Gees.

*maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help. Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees; aan 'n ander vertrouwe in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees, maar aan 'n ander wonderwerke, **aan 'n ander profesie**, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale. Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil. 1 Kor. 12:7 tot 11.*

Vals Profete

Bileam word egter nie 'n *nabi* (profeet) genoem nie, maar 'n *kosem* wat *waarsêer* (*voorspeller*) beteken (Jos. 13:22). Bileam was dus 'n vals profete, want 'n ware profete word deur YHVH aangestel en is daarom YHVH se afgevaardigde (vertegenwoordiger) met 'n profetiese woord aan Sy volk (Israel). 'n Ware profete bring die boodskap wat in YHVH se hart is sonder om dit te bevraagteken. En dan die mees belangrike is dat 'n ware profete tree nooit in eie belang op nie!! Bileam het egter nie voldoen aan die vereistes van 'n ware profete nie. Nee, sy eie belange het voorrang geniet!

Die apostel Petrus gee vir ons meer insae in die karakter van Bileam en bevestig dat hy 'n vals profete was:

Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het, maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie wat gepraat het met die stem van 'n mens en die malligheid van die profete verhoed het. Hulle is fonteine sonder water; wolke gedryf deur 'n storm, vir wie die swartheid van die duisternis bewaar word, want wanneer hulle leë verskrikkinge kwytraak, verlei hulle, deur die vuil begeertes van die vlees, dié wat deur 'n paar woorde ontvlug het van hulle wat in misleiding se diens is. 2 Pet. 2:15 tot 18.

Yeshua het ons gewaarsku teen vals profete wat veral in die laaste dae voor Sy wederkoms mense gaan mislei..

Wanneer iemand vir julle sê: 'Let op, hier is Die Gesalfde Een!' en: 'Let op, daar gaan Hy!' moet dit nie glo nie, want daar sal vals gesalfdes en profete, wat lieg, opstaan en hulle sal tekens en wonders doen en, as dit moontlik was, selfs ook die wat gekies is, mislei, maar julle moet daarop let. Let op, Ek het vooruit gegaan en julle alles vertel. Mark. 13 21 tot 23

Yeshua waarsku ons teen die gees van Bileam wat in die laaste dae met sogenaamde profesieë, asook met tekens en wonders selfs, as dit moontlik was, die wat gekies is, sal mislei!

Bileam het die loon van ongeregtigheid (van die bose) liefgehad! Hy is 'n voorbeeld van 'n profete wat sy eie geregtigheid opgerig het en nie wandel in die geregtigheid van YHVH nie (Rom. 10:1 tot 3)! Bileam dien as 'n voorbeeld en 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11). Dit dien as waarskuwing aan ons dat in die laaste dae sal daar ook die vals profete wees wat die waarheid en die leuen meng om dit meer ontvanklik te maak vir hulle hoorders. Soos Paulus skryf:

want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai. 2 Tim. 4:3 en 4.

Bileam se optrede was *more for the profit motive than the prophet motive*.

Dit is duidelik dat Bileam die stem van YHVH wel gehoor het en dat hy die woorde van YHVH ‘teen sy sin’ geprofeteer het! Nogtans word hy as ‘n vals profeet gereken en is hy saam met die Medianiete uitgewis as vyand van God.

In Judas 1:11 word daar na die verleiding van Bileam verwys, asook na hom as ‘n struikelblok in die weg van Israel in die brief aan die gemeente in Pérgamos (Open. 2:14).

Wee hulle, wat op die pad van Kayin gegaan het en agter die misleiding van Bil’am aan, met blydschap vir geld betower is en vernietig is in die rebellie van Korag. Judas 1:11.

maar Ek het sekere dinge teen jou: dat jy mense daar het wat vashou aan die leer van Bil’am, wat vir Balak geleer het om ’n struikelblok voor die kinders van Yisra’el te gooi, om offers aan afgode te eet en om seksueel immoreel te wees. Open. 2:14

Die leer van Bileam is om die waarheid van YHVH se Woord te verdraai en om nie die ware Yeshua Messias te verkondig nie! Dit is sinkretisme, naamlik die vermenging van die waarheid van YHVH se Woord met die leuen van afgodery! Rabbynse Judaïsme is hieraan skuldig, want hulle verwerp Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot versoening met YHVH vir elkeen wat glo. Rabbynse Judaïsme verkondig lasterlike dinge aangaande Yeshua Messias en is dus skuldig aan die misleiding van Bileam, asook dat hulle ‘n struikelblok is in die weg van die ware Israel! Hulle optrede is soos die van Bileam selfsugtig – vir eie gewin!

Eweneens is die Christendom skuldig aan die sonde van Bileam. Hoewel hulle Yeshua as Messias verkondig, is hulle ‘n struikelblok tot gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, want hulle verkondig dat gelowiges vry is van die wet.

Volgens *Hitchcock’s Bible Names* beteken Bileam *die vernietiger van mense*. ‘n Vals profeet is die vernietiger van mense! Hy is nie YHVH se vriend nie en ook nie die vriend van mense nie! YHVH se hartsgesindheid as Redder van mense was nie die hartsgesindheid van Bileam nie en daarom is Bileam die sinnebeeld van die hartsgesindheid van vals profete. Onthou: ‘n Ware profeet se boodskap bevat die reddende genade van YHVH, naamlik:

- ❖ Yeshua as die Weg na die Waarheid wat ewige lewe gee.
- ❖ Tweedens ‘n oproep tot bekering, naamlik terugkeer na Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua volbring is.

Bepeins of Bespreek.

1. Bileam kon nie Israel vervloek nie, maar hy het Balak ingelig oor hoe hy Israel kan “vernietig”, naamlik deur ondertrouery sodat hulle deel van afgodediens kan word. Die gees van Bileam, die vals profeet, lok mense weg van die waarheid van YHVH se Woord! Hulle probeer om die ware Israel, naamlik elkeen wat bely dat Yesua die gekruisigde en opgestane Messias is, te verlei tot vernietiging – tot geestelike dood. Is dit nie wat Rabbynse Judaïsme en die Christendom ook doen nie?
2. Aangesien ons almal, soos Abraham, profete is, moet ons ons beywer om die woord van YHVH reg te sny, naamlik suiwer en korrek te verkondig (2 Tim. 2:15). Ons moet seker maak dat ons nie vals ‘profeteer’ nie en dat ons ook nie ‘n struikelblok is vir iemand wat

op soek is na die waarheid nie! Sal ons saam met diegene wat die amp van profeet beklee geoordeel word?

Nie Almal Wat....!

Is Bileam nie moontlik een van diegene na wie Yeshua in Matt. 7:13 tot 24 verwys nie?

Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Matt. 7:21.

Kan Bileam nie ook vra: *Maar het ek nie in U Naam geprofeteer nie...?!* Dien hierdie nie as ernstige waarskuwing dat hoewel YHWH mense in Sy Raadsplan gebruik, dit opsigself nie noodwendig die bewys is van die gesalfde van YHWH en van redding nie?

Het hierdie woorde van Yeshua jou al ooit laat wonder wie is hierdie *Nie Elkeen wat....??* Wie is diegene wat sal sê: *Meester, Meester*, maar wat toegang tot die koninkryk van die hemele geweier word? Het jy jouself al gevra of dit nie moontlik jy is nie? Ek het myself al dié vraag gevra en so behoort jy ook!!

Ons vind die antwoord op hierdie vraag in dieselfde teksvers, naamlik dat diegene wat *Meester, Meester* sê, maar **nie die wil van die Vader doen nie, sal nie in die koninkryk van die hemele ingaan nie!!** Dit is dus duidelik dat slegs diegene wat Yeshua as Meester aanroep (bely), **en wat die wil van die Vader doen**, toegang tot die koninkryk van die hemele sal hê. Voldoen jy aan hierdie vereiste? Hoe seker is jy dat jy wel die wil van die Vader doen? Weet jy wat die wil van die Vader is wat jy moet doen? Hierdie is 'n baie belangrike vraag, want jou ewige lewe hang daarvan af!!

Die wil van die Vader is dit wat Hy bepaal het wat elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is, moet doen om in die regte verhouding met Hom te kan lewe. Gehoorsaamheid aan die Vader is Sy wil en is vervat in Sy Torah. Dit is die wyse wat die geregverdigde wat deur vertrouwe in Yeshua gered is, moet lewe. Daarom is dit elkeen se taak om seker te maak dat hy weet wat die wil van die Vader is en om dan seker te maak dat hy aan die wil van die Vader gehoorsaam is. Dit is die mens se enigste waarborg tot die ewige lewe, naamlik: Vertroue in Yeshua as Messias wat gepaardgaan met 'n ywer tot gehoorsaamheid aan die Vader se onderrig en instruksies (Sy Torah) soos dit in Yeshua Messias volbring is.

Hoe seker kan ons hiervan wees? Hoe weet ons dat dit wel die vereiste is? Lees saam met my verse 22 en 23 van Matthéüs 7 waar Yeshua sê:

Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!'

Hierdie woorde van Yeshua behoort elkeen wat oortuig is dat hy die koninkryk van die hemele sal ingaan, tot stilstand te ruk om ernstige selfondersoek te doen. Ons word geleer dat elkeen wat bely dat Yeshua die Meester is en wat met sy verstand, wil en emosie glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal gered word (Rom. 10:9 en 10). Is dit dan nie waar dat elkeen wat die Naam van die Meester aanroep gered sal word nie (Rom. 10:13)? In die lig van Matt. 7:21 is die antwoord 'Nee'! Belydenis en vertrouwe alleen is nie voldoende om

redding te verseker nie!! Bevestiging hiervan is ondermeer te vinde in die woorde van Yeshua soos vir ons opgeteken is in Matt. 7:13 tot 23. Laat ons dit verder ondersoek.

So maklik is dit om te dink dat ons gered is, en die ewige lewe sal beërwe, wanneer ons glo en in die Naam van Yeshua profeteer en duiwels uitdryf en wonderwerke verrig. Hierdie dinge word deur gelowiges beskou as die maatstaf en bewys van redding en geregtigheid. Dit is die maatstaf waaraan geestelike leiers en gemeentes gemeet word. Tekens en wonders in die Naam van Yeshua word beskou as die bewys dat 'n persoon en 'n gemeente die wil van die Vader doen en in die regte verhouding met Hom leef, asook die bewys van geestelike herlewing. Dit veroorsaak dat talle mense hierdie geestelike leiers blindelings volg en glo dat hulle, asook as gemeente, gered is en die wil van die Vader doen.

MAAR is dit die waarheid??? Nee, nie noodwendig nie, want Yeshua self het gesê dat in die dag van oordeel (*daardie dag*) sal daar **baie** wees wat hulleself gaan regverdig deur te sê: *My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?* Hierdie mense het geglo dat hulle die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias is, maar sal op die oordeelsdag uitvind dat YHVH hulle nooit geken het nie. Hulle was dus verblind en mislei en het 'n leuen geleef en sal ook baie ander mislei. Daarom verwys Yeshua na hulle as vals profete wat in skaapsklere getooi is, maar van binne roofsgugtige wolwe is (Matt7:15)!

Miskien vra jy nou: Maar hoe is dit moontlik? Ons vind hierdie antwoord ook in vers 22 en 23. Kom ons lees dit weer aandagtig en volledig met die klem op die laaste gedeelte:

Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!'

Yeshua sal in daardie dag vir baie sê dat Hy hulle nie geken het nie, want hulle het *teen die wet gewerk* – dit is om wetteloosheid, naamlik Torahloosheid te bedryf. Die 1953 Afrikaanse vertaling lees soos volg: *Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!* Terwyl die 1983 nuwe vertaling soos volg lees: *Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.*

Die talle mense wat op die oordeelsdag hulleself gaan probeer regverdig deur te sê: *My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?*, sal deur Yeshua geantwoord word dat Hy hulle nooit geken het nie en dat hulle van Hom af weg moet gaan, want hulle het wetteloos geleef. Hulle wat teen die wet gewerk het is diegene wat YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is, oortree het. Dit is hulle wat YHVH se wet geminag het en dus nie YHVH se wil gedoen het nie. Dit is hulle wat glo dat hulle vry van YHVH se Torah is. Hulle het dus in sonde geleef, want sonde is wetteloosheid (1 Joh. 3:4):

maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.

Hulle wat moedswillig ongehoorsaam aan YHVH se Torah was, sal die rede wees dat nie elkeen wat Meester, Meester sê toegang tot die koninkryk van die hemele sal verkry nie. Tekens en wonders in die Naam van Yeshua is nie die kwalifiserende vereiste vir toegang tot die koninkryk van die hemele nie. Nee, vertrou in die vergifnis van sonde deur Yeshua, wat

gevolg word deur 'n geloofslewe van gehoorsaamheid aan die Vader se Torah, Sy wil, is die vereiste om die ewige lewe deelagtig te wees.

Opsommend: Volgens Yeshua se woorde in Matt. 7:21 tot 23 is dit dus baie duidelik dat elkeen wat die wet (die Torah, die wil) van die Vader moedswillig oortree (minag), nie in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie!!!

In die lig hiervan kan ons nou Yeshua se vooraf woorde soos in Matt. 7:13 en 14 opgeteken is beter verstaan:

Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in, maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!

Ons moet besef dat die hek (poort) klein is en dat die pad smal is wat na die lewe lei en dat daar **min** is wat dit sal vind. Let op Yeshua se woorde dat daar **min is wat die koninkryk van die hemel sal ingaan**. Dit beteken dat baie min van 'n groot menigte deur die nou poort sal ingaan en op die smal weg wandel en die ewige lewe sal beërwe. Die oorgrote meerderheid sal deur die wye poort ingaan en op die breë weg wandel wat na die verderf lei.

Dit sluit aan by wat Yeshua in verse 21 tot 23 gesê het, naamlik dat **baie** wat *Meester, Meester!* sê nie die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. Met ander woorde dat baie wat hulself as Christene beskou nie die ewige lewe sal beërwe nie!!

Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6.

My gebede is dat hierdie skrywe jou tot stilstand en selfondersoek sal dwing! Laat ons elkeen ons eie heil (redding) met vrees en bewing uitwerk (Fil. 2:12).

Bepeins of Bespreek

1. Hoe seker is jy dat jy die Koninkryk van die hemel sal ingaan? Hoe seker is jy dat jy in die regte verhouding met YHVH jou Vader leef? Jy glo in YHVH-God, maar die vraag is of jy YHVH-God glo? Jy bely dat Yeshua die Messias is – die geregtigheid van YHVH in Yeshua, en jy leef volgens YHVH se Torah, maar die vraag is watter Torah? Leef jy volgens die Torah van Moses of die Torah van Yeshua, naamlik die Torah van Moses soos dit in Yeshua volbring is? Is dit belangrik in terme van die ewige lewe?
2. Die Grieks vir *min* in vers 14 is *oligos* en beteken *klein* en *niksbeduidend*. Wie en hoeveel is hierdie min wat deur die nou poort gaan en die smal pad na die lewe vind? Dit kan sekerlik nie almal wat as Christene beskou word wees nie! Dit is beslis nie Rabbynse Judaïsme nie, want hulle verwerp Die Een wat die weg, die waarheid en die lewe is! Daar is huidig sowat 2 biljoen mense wat hulleself as Christene en Messiane (Hebrew Roots Beweging) beskou en dit is sowat een derde van die huidige totale wêreldbevolking. Een derde kan tog nie as min beskou word nie! Derhalwe is dit 'n sinvolle gevolgtrekking om te sê dat die *min* na wie Yeshua verwys, is min van daardie mense wat hulself as Christene en Messiane beskou. Min van die sowat 2 biljoen Christene en Messiane sal dus deur die nou poort ingaan en op die smal weg van die ewige lewe wandel. Hoekom?

3. David Wilkerson het gesê: *I'm not about to put up a silly skit and preach a 15-minute message on 'how to cope' to a multitude of people who are dying and going to hell. I tremble at the thought.* Is geestelike leiers nie deesdae geneig om 'n 'sagte evangelie' te verkondig nie?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.